Radiospraak

"Taal is die vormende orgaan van die gedagte."
- Wilhelm von Humboldt

Doelwit: *Om die jeug- en volwasselede te skool in die gebruik van Tweerigting radio's.*
Weergawe: *2007.0*
Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode: 4. 'n Voortrekker hou die taal en kultuur van die Afrikanervolk in ere.
10. 'n Voortrekker is diensvaardig .

ABC: Die spesialisasie is gerig daarop om die jeuglid 'n beter landsburger te maak deur hom toe te rus met die gebruik van tweerigting radio's in die geval van noodsitsuasies, byvoorbeeld 'n soekgeselskap in berge. Die jeuglid word ook aangemoedig om sy taal in ere te hou deur suiwer Afrikaans te gebruik in samewerking met die taal wat eie aan radio's is.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	1 dag	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	• Die spesialisasie kan individueel of in spanverband afgehandel word. • Die Verkenner moet 'n radioamateur besoek en kennis maak met amateur radio.		
Toekennings instansie:	Kommando		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *Die reëls in verband met effektiewe kommunikasie ken.*
   - *1.1 Radioregulasies en die radiowet.*
   - *1.2 Dissipline met die gebruik van radio's.*
   - *1.3 Hou van 'n logboek.*

2. *Die algemene hanteringsinstruksies vir draradio's ken (batterye, lugdrade, aan-/afskakelaar, winskontrole, dempingskontrole, kanaalskakelaar en stuur-/ontvangskanaal).*

3. *Die voordele en beperkings van draradio's ken en foute kan opspoor ten opsigte van batterye, frekwensie, demping en ligging van stasie.*

4. *Die internasionale fonetiese alfabet ken en kan gebruik.*

5. *Spraakprosedure, soos van toepassing op die amateur radio regulasies ken en kan gebruik. Dié prosedure moet ten minste twee uur lank geoefen word.*

6. *Die gebruik van die 9 - 5 sein-leesbaarheid rapport verstaan en kan gebruik.*

7. *Weet hoe om saam met ander persone 'n frekwensie gedissiplineerd te gebruik.*

8. *Kennis dra van die hantering van deurgee berigte, herhalings en korreksies.*

9. *Aan 'n praktiese kommunikasie-oefening van ten minste een uur deelneem waarin sy kennis en vaardigheid van die bostaande vereistes geëvalueer word.*